LAERSKOOL JEFFREYSBAAI
JEFFREYS BAY PRIMARY SCHOOL

Posbus 110
Jeffreysbaai
6330
Tel nr (042) 2931343
Fak snr (042) 2932177
e-pos: jbyaschool@epweb.co.za
Skoolhoof: J.J. Dippenaar
http://jbayprimary.blogspot.com/

P.O. Box 110
Jeffreys Bay
6330
Tel no (042) 2931343
Fax no (042) 2932177
e-mail: jbyaschool@epweb.co.za
Principal: J.J. Dippenaar
http://jbayprimary.blogspot.com/

GODSDIENSBELEID

Die verskillende godsdienste in ons land word erken deur die Grondwet van Suid-Afrika (Wet No. 108 van 1996) asook Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, No. 84 van 1996. Hierdie wette beskerm elke individu teen enige vorm van diskriminasie op grond van hul geloof.

DOEL:

Omdat ons in 'n demokratiese bestel is word godsdienstige verdraagsaamheid in ons skool bevorder en aangemoedig sonder om enige persoon aanstoot te gee. 'n Verdere doel van godsdiens is om die wyse of manier van godsdienstige waarnemings te bepaal.

VISIE:

Die personeel, leeders en ouers sal die nodige respek hê vir enige ander geloof anders as sy/haar eie geloof.

WAARNEEMBARE GODSDIENSTIGE GELOWE:

Die skool sal die volgende godsdienste en denominasies amptelik waarneem en uitoefen.

1. Die insluiting van alle gelowe en denominasies.
2. Wanneer godsienstige byeenkomste by die skool aangebied word sal verskillende predikers, priesters, dominees, evangeliste, pastore ens. genooi word om byeenkoms by geleentheid waar te neem.
3. Christelike beginsels sal toegepas word sonder om teen 'n ander geloof te diskrimineer.
4. Geen geloofsbeginsel sal op enige leerders, opvoeder of ouer afgedwing word nie.
5. Alle gelowe se feesvieringsdae sal gerespekteer word en aanhangers van sodanige geloof sal die geleentheid gebied word om aan sodanige feesvieringe deel te kan neem.
6. Die begin van die skooljaar, kwartaal en afsluiting van die skooljaar of kwartaal sal op 'n godsdienstige manier geopen of afgesluit word, wat vir almal aanvaarbaar sal wees.
7. Elke skooldag, behalwe Maandae wanneer daar saalbyeenkoms, is, sal 'n gesamentlike gebed deur leerders en opvoeders begin en afgesluit word.

8. Enige erkende Prediker of ander vrywillge mag gevra word om godsdienstige byeenkomste waar te neem.
9. Alle ander byeenkomste wat deur die skool gereël word, mag met 'n gebed geopen en afgesluit word.
10. Opvoeders sal elke oggend deur die week op roterende basis Bybel lees en bid, behalwe op Maandagoggende.

BEVORDERING VAN VERDRAAGSAAMHEID

Die skool poog om die verdraagsaamheid en verstandhouding tussen leerders en die verskillende godsdienstige groepe op volgende wyse te bevorder.

- Godsdienstige waarnemings
- Geen diskriminasies teen leerders of opvoeders.
- Voorbeeld van opvoeders.
- Weeklikse byeenkomste wat gepaard gaan met skriflesing, boodskap en die sing van godsdienstige liedjies
- Leiers van kerke word uitgenooi om deel te hê aan die byeenkomste.

Ons, die Personeel, Leerders en Ouers, erken dat dit ons verantwoordelikheid is om 'n omgewing daar te stel waarin die evangelie uitgeleef en aanvaar kan word.

Handtekening van ouer/voog : …… Datum: ……..